



A.G. VAN BRAKEL & ASSOCIATES INC.
CHARTERED ACCOUNTANTS & AUDITORS (S.A.)

Reg. 1999/016368/21

3 Judy Place, Cnr Shannon & Clew Roads, Monument, Krugersdorp

Tel: (011) 955-5112

E-Mail: albertus@vbrakel.co.za

Saica Reg. No. 00246393

P.O. Box 367 Paardekraal 1752

Fax: (011) 955-5112

Website: www.vbrakel.co.za

Januarie 2015

Welkom by die eerste uitgawe van ons nuusbrieff oor Testamente en Boedel beplanning.

In hierdie eerste uitgawe kyk ons na **DIE NOODSAAKLIKHEID VAN 'N GELDIGE TESTAMENT.**

Sonder 'n **GELDIGE TESTAMENT** kan u net so wel geen testament hê nie!

Die deurlopende tema in hierdie nuusbrieff is dat u ten alle tye kundige advies oor u boedelsake moet bekom.

Skakel ons gerus om u te help om te verseker dat u nie sonder 'n geldige testament sterf nie!!

U is baie welkom om hierdie nuusbrieff met u familie, vriende en kollegas te deel, aangesien dit in almal se belang is om 'n geldige testament te hê.

KANTOOR : (011) 955-5112
WEBBLAD : www.vbrakel.co.za
EPOS : albertus@vbrakel.co.za
FACEBOOK : <https://www.facebook.com/www.vbrakel.co.za>

Die uwe,

A.G. VAN BRAKEL
A.G. VAN BRAKEL & VENNOTE ING.

DIE NOODSAAKLIKHEID VAN 'N GELDIGE TESTAMENT

NA RAMING STERF DAAR JAARLIKS MEER AS 50% MENSE SONDER 'N GELDIGE TESTAMENT. DIT VEROORSAAK ONGELOOFLIKE VERDERE PYN EN FRUSTRASIES VIR HUL NAASBESTAANDES WAT DAN MOET RONDHARDLOOP OM DIE BOEDEL TE PROBEER UITSORTEER. DIE AFHANDELING VAN 'N INTESTATE BOEDEL KAN OOK AANSIENLIK DUURDER WEES TEENoor 'N TESTATE BOEDEL.

AFHANGENDE VAN DIE GROOTTE VAN DIE BOEDEL, KAN 'N INTESTATE BOEDEL TOT 2 JAAR LANGER VAT OM AF TE HANDEL AS 'N TESTATE BOEDEL, EN INTUSSEN IS DIT U NAASBESTAANDES EN KINDERS WAT DAARONDER LY EN SUKKEl OM ENIGE GELD UIT U BOEDEL UIT TE KRY.

'n Persoon is onder die huidige wetgewing daartoe in staat om met sy bates te handel soos hy/ sy goeddink **mits dit in 'n geldige testament** verwoord word.

Indien jy sou sterf met 'n testament, word daar daarna verwys dat jy **TESTAAT** gesterf het en daar word met jou bates gehandel soos jy in jou testament bepaal het.

'N GELDIGE TESTAMENT IS SEKER EEN VAN DIE BELANGRIKSTE PERSOONLIKE DOKUMENTE IN BESIT VAN ENIGE VOLWASSENE

Indien jy sou sterf **SONDER 'N GELDIGE TESTAMENT** word daar daarna verwys dat jy **INTESTAAT** gesterf het en dat daar dan met jou bates volgens die **INTESTATE ERFREG** gehandel word. Jou wense word dus glad nie in ag geneem nie en daar bestaan 'n groot moontlikheid dat mense by jou kan erf wat jy nooit sou wou laat erf, of selfs geken het nie!

GEVOLGE/NADELE VAN OM SONDER 'N TESTAMENT TE STERF

A. INTESTATE ERFOPVOLGING

- Die wet bepaal volgens ingewikkelde formules wie jou bates gaan erf

B. AANSTELLING AS EKSEKUTEUR

- Jy het nie 'n keuse oor wie as Eksekuteur aangestel gaan word nie
- Die intestate begunstigdes moet nou 'n Eksekuteur aanstel, wat waarskynlik waarborge aan die Meester sal moet lewer, en indien hulle nie kan ooreenstem nie, stel die Meester 'n Eksekuteur aan
- Die afhandeling van jou boedel kan nie plaasvind totdat die Meester 'n Eksekuteur aangestel het nie, dus kan dit die hele afhandelings proses met 'n verdere paar maande vertraag

- Die uitbetaling van versekeringspolisse in gevalle waar daar geen begunstigdes benoem is nie, word gevolglik vertraag – so ook die terugbetaling van skuld soos huisverbande, oortrokke bank rekeninge, motor finansieringsooreenkomste en enige ander rente-draende skuld

C. BEGUNSTIGDES

- Sonder 'n geldige testament verbeur jy jou reg om enige begunstigdes te benoem

D. TESTAMENTÊRE TRUST

- Die erflating aan minderjarige kinders kan nie nou meer deur 'n testamentêre trust gereël word nie, en daar is 'n groot moontlikheid dat die minderjarige kinders se erfdeel aan die Weesheer, (Voogdyfonds), oorbetaal sal word om namens hulle gehou te word totdat hulle meerderjarig is – **BESLIS NIE 'N SITUASIE WAARIN JY JOU KINDERS WIL LAAT BELAND NIE!**

E. BOEDELBELASTING

- Die feit dat daar geen testamentêre beplanning in jou boedel ingegaan het nie, kan daartoe lei dat die maksimum toelaatbare voordele nie gebruik word nie. Boedelbelasting mag dan dalk betaalbaar wees wat andersins vermy kon word!

F. SAAMBLY VERHOUDINGS

- Sonder 'n geldige testament is daar 'n groot moontlikheid dat u saambly man/vrou **NIKS** sal erf nie, al was dit u bedoeling om hulle te laat erf

G. MINDERJARIGE KINDERS

- Indien u 'n enkelouer was, gaan die Hof nou moet besluit oor wie hy as voogde vir jou minderjarige kinders gaan aanstel. Dit is dus moontlik dat die kinders by voogde kan opland wat jy glad nie wou gehad het nie. Dit kan selfs daartoe ly dat jou kinders na 'n weeshuis toe gestuur word!

WAT IS 'N GELDIGE TESTAMENT?

- 1) Jy moet geestelik geskik en oor die ouderdom van 16 jaar wees
- 2) Elke bladsy van die testament moet deur jou voluit aan die onderkant van die bladsy geteken word
- 3) Twee of meer bevoegde getuies moet ook onderaan die testament teken **EN** hulle moet dit in jou **TEENWOORDIGHEID** doen

- 4) Dit is baie belangrik om daarop te let dat die getuies ouer as 14 jaar moet wees **EN** glad nie, **DIREK OF INDIREK**, voordeel uit die testament mag kry nie. Die Eksekuteur en/of Trustee van 'n testamentêre Trust mag ook nie as getuies teken nie.
- 5) Enige veranderings wat aan 'n Testament aangebring word moet deur jou en die getuies voluit in mekaar se teenwoordigheid geteken word

VOORDELE VAN 'N GELDIGE TESTAMENT

- 1) Voorkom dat intestate erfreg op jou boedel toegepas word
- 2) Gee aan jou die reg om jou eie erfgename na gelang jou eie gevoel aan te wys
- 3) Om voor te skryf wie onder watter omstandighede wat en wanneer mag erf
- 4) Om selfgekoose Eksekuteurs en Trustees aan te stel om met jou bates na afsterwe volgens jou wense te handel
- 5) Om voorsorg maatreëls in te bou om jou erfgename se erfporsies te beskerm
- 6) Om lang en onnodige, en moontlike duur hofgedinge, te vermy en om sodoende jou boedel so gou as moontlik afgehandel te kry

PUNTE WAT IN 'N GELDIGE TESTAMENT AANDAG BEHOORT TE KRY

- 1) Oorsese bates wat dalk apart in 'n oorsese testament mee gehandel word
- 2) Begrafnis reëlins – onthou om dit ook vooraf met jou naasbestaandes te reël
- 3) Onderhouds verpligtinge aan 'n vorige gade en aan kinders uit 'n vorige huwelik
- 4) Plaasvervanging van 'n erfgenaam indien die persoon/instansie na jou dood nie meer leef of bestaan nie
- 5) Hantering van jou aandele en ander besigheidsbelange
- 6) Gelyke verdeling tussen erfgename waar vaste bates nie dieselfde waardes het nie
- 7) Stigting van 'n testamentêre Trust vir al die minderjarige erfgename
- 8) Opsie om ouderdom vas te stel waarop minderjarige erfgename uit die testamentêre Trust sal kan erf bv. op ouderdom 25
- 9) Aanstelling van voogde vir minderjarige kinders

**SKAKEL ONS VANDAG NOG OM TE REËL VIR 'N KONSULTASIE OM TE VERSEKER DAT U
TESTAMENT KORREK OPGESTEL EN GELDIG IS OM U FAMILIE ONEIENDIGE VERDERE
HARTSEER EN TRAUMA TE SPAAR.**

KANTOOR : (011) 955-5112
WEBBLAD : www.vbrakel.co.za
EPOS : albertus@vbrakel.co.za
FACEBOOK : <https://www.facebook.com/www.vbrakel.co.za>